

31 Augustus

Vergenoegdheid

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 12:1-10

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 12:9

Ons almal is swak, ons almal is nietig, ons almal is mens ... hoekom sien ons dit as 'n straf of gebrek om swak te wees? Ons as *wêreldse* mense kyk neer op dié wat so genaamd swak is ... en hoekom? Jesus het tog self gesê: "Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel" (Matt 5:3). Paulus sê ook dit is juis sy gebroke menswees of "die doring in sy vlees" wat hom nederig hou en hom op die regte paaie lei, want God sê uitdruklik vir hom: "My genade is vir jou genoeg."

Wat ons hieruit kan leer, is dat ons swakheid as mense nie daarop dui om ons as swakkellinge af te maak nie, maar dit wys na God se almag. God het elkeen van ons uniek geskape, en so met 'n doel, en waarvoor ons nou te staan kom, is om tot ons volle potensiaal te lewe. Kalm, want ons is uitverkies; gefokus op Hom; tevrede, want sy genade is genoeg; en ons *kan* so lewe, want God het ons lief.

Teologiese Student Anton Dednam